# Ek is… ’n Duisend redes hoekom ek hom kan liefhê.

## Ek is … Alwetend

Gerhard de Jager | Eden Gemeente | 9 Augustus 2026

**Vyf Apies**

**‘n Google Search**

**Die Moirae wat jou strepie trek**

**‘n Blinde man**

**Al hierdie dinge**

Hierdie reeks kyk ons seker na van die grootste temas wat mense as rede gebruik om te sê: “Ek wil nie in God glo nie.”

Hoe kan ek glo in ‘n regverdige God in so ‘n onregverdige wêreld?

Ek hoor oor en oor God is almagtig, maar my dogter is dood in daardie karongeluk – hoekom het God dit nie gekeer nie?

Hoekom antwoord God nie my gebede nie?

Hierdie is seker van die grootste vrae.

Ek dink die rede hoekom hierdie temas soveel mense laat hierdie besluit neem, is omdat sommige van die idees wat ons glo as die waarheid, nie is wat die Bybel ons werklik leer nie. Maar ons is so oortuig daarvan dat dit wel is wat die Bybel sê, dat ons bereid is om te baklei vir hierdie waarheid. Maar soms as ons mooi vir onsself vra: “Waar kom dit vandaan?”, dan kan ons nie altyd dit antwoord nie.

Laat my dink aan die storie van die wetenskaplikes wat ‘n eksperiment met vyf apies in 'n hok geplaas het. In die middel van die hok staan 'n leer, en bo-op die leer heerlike piesangs. Elke keer as 'n apie probeer om teen die leer te klim, word al die ander apies met yskoue water gespuit. Binnekort, wanneer 'n apie nader kom om teen die leer te klim, val die ander ape hom aan om die koue water te voorkom.

Op die ou einde durf geen apie om teen die leer te klim nie, maak nie saak hoe aanloklik die piesangs is nie.

Volgende dag word een apie vervang met 'n nuwe apie. Die nuwe apie sien die piesangs en probeer natuurlik dadelik om teen die leer te klim. Tot sy verbasing val die ander apies hom aan. BAIE vinnig leer die nuwe apie om teen die leer te klim is ‘n slegte idee, sonder om ooit self die koue water te ervaar.

Een vir een word al die oorspronklike apies vervang. Elke nuwe apie probeer teen die leer klim en word deur die ander aangeval. Binnekort is al die apies vervang, en daar is nie een apie wat ooit met koue water gespuit is nie; tog verhoed hulle almal gewelddadig dat enige apie teen die leer klim.

Ek vermoed as jy hulle kon vra hoekom, sou hulle waarskynlik sê: “Mmmm, ek weet nie, dis net wat ons glo…”

Waar kom die idees van wat ons glo vandaan?

Moses se insig hieroor is vir ons ‘n geskenk:

Deuteronomium 29:29

“Die verborge dinge is vir die HERE onse God; maar die geopenbaarde dinge is vir ons en ons kinders tot in ewigheid, om te doen al die woorde van hierdie wet.”

Daar is 'n grens aan menslike kennis.

Want ons sal nie alles kan hanteer nie; ons intellek en kapasiteit is net te klein.

Net een voorbeeld… die ruimte. Ons kan dit nie eintlik verstaan nie; die grootheid van dit is veel groter as enige menselike raamwerk.

Daar bestaan geen tegnologie wat ons kan vat na die einde van die ruimte nie, en daar word beweer dat teen die tyd wanneer jy daar kom, het jy eintlik net begin met jou reis, want die ruimte is konstant besig om groter en groter te word.

Ons verantwoordelikheid is die "geopenbaarde dinge”: die Skrif en die Evangelie. Nie spekulasie oor dit wat ons nie weet nie, maar gehoorsaamheid aan dit wat ons wél weet.

Soms is ons soos die apies; ons aanvaar soms die leerstelling van dinge wat eintlik deel is van hierdie verborge dinge wat ons nie kan verklaar nie, en maak dogma daarvan asof dit geopenbaarde dinge is.

Dit is wat ons wil doen in hierdie reeks: om te kyk na die “EK IS”-stellings van God. Wat is die dinge wat die Bybel vir ons openbaar? Hoe praat God oor Homself, en wat is daardie dinge wat Hy NIE sê nie?

Sodat die uitkoms nie sal wees dat mense sal wegbeweeg van God nie, maar dat hierdie temas juis meer redes vir ons gee om vir HOM lief te wees.

Vandag gaan ons deur die Skrif reis met: God se alwetendheid.

Loop die geskiedenis af soos ’n voorafbepaalde plan? Speel die drama op aarde af soos ’n draaiboek wat klaar geskryf is en ons leef dit net uit?

Of nooi die Skrif ons na ‘n GROTER perspektief?

Ek wil sommer nou al in die begin van ons tyd saam een groot disclaimer gee…

Die een ding van alwetendheid wat ek weet, is dat ek nie weet nie.

EN PASOP vir die mense wat vir jou presies verduidelik wat ALWETENDHEID is, want… daardie persoon dink hulle is alwetend…

Die woord “alwetend” of “alwetendheid” kry ons nie in die Bybel nie, maar die beskrywing daarvan is oral.

Bv.

**1 Johannes 3:20:** "...God is groter as ons hart, en Hy weet alles."

**Psalm 147:5:** "Groot is onse Here en geweldig in krag; Sy verstand is oneindig."

**Job 37:16:** "Weet jy iets van die sweewe van die wolke, van die wonders van Hom wat volmaak is in kennis?"

En daar is nog baie meer sulke verse wat ons vertel van God wat hierdie perfekte intellek het… Hy is werklik alwetend.

Hy kan nie geleer word nie.

Daar is niks wat Hy nie verstaan nie.

Jy kan God nie in skaakmat sit nie.

Maar ek dink die probleem kom in dat ons soms God se alwetendheid verwar met voorkennis.

As ons van alwetendheid praat, dink ons net aan voorkennis, maar dis net een deel van alwetendheid.

En jy mag dalk nou hier sit en dink: “Maar ek het nog nooit eers aan dit gedink nie,” maar ons WOORDE verklap ons oor wat ons werklik glo en hoe ons God se alwetendheid sien.

Veral in oomblikke wat ons nie weet wat om te sê nie. Wanneer ons mense troos – ek hoor dit baie by roudienste:

- Alles gebeur met ‘n rede, OF
- God weet wat Hy doen, OF
- Dis deel van Sy wil / plan, OF
- Ons moet net berus by dit... en vertrou, God weet alles en eendag sal ons verstaan...

Is swaerkry deel van God se plan? Het God geweet hierdie gaan gebeur? Of erger, het Hy dit bestem?

Want dis eintlik wat gesê word met hierdie stellings...

En alhoewel die mense se omgee opreg is, en hul intensie is om te probeer help en in oomblike waar woorde min is, hoop te gee...

Het hierdie woorde die teenoorgestelde effek, veral op die een wat deur die trauma of pyn gaan.

John Wesley het in 1739 vir iemand wat geglo het dat alles ’n voorafbepaalde 'draaiboek' is, gesê: 'Jou God is my duiwel.' Want ’n God wat ons lot vaspen sonder liefde, is nie die God van die Bybel nie.

Hierdie idee is so gevestig in ons elke dag lewe.

Dis in ons liedjies, ons flieks...

*Que Sera Sera - What will be, will be.*

Alles sal uitwerk. *Everything will work out in the end....*

Die idee is dat daar ‘n klaar uitgewerkte plan vir die mens is, en jy leef net hierdie lewe. Alles gaan net gebeur soos dit moet...

Maar is dit hoe dit is? Gebeur alles met ‘n rede?

Is dit wat alwetendheid beteken?

Kom ons doen ‘n Google search, want dis wat meeste mense doen om vandag antwoorde te kry...

“Does everything happen for a reason? The short answer is “yes”; because God is sovereign, there are no random, out-of-control happenings. God’s purposes may be hidden from us, but we can be assured that every event has a reason behind it.”

Klink of jy hoort saam te stem met hierdie stelling... Dit klink reg.

“We can be assured that every event has a reason behind it.”

Wat van verkragting?

Moord?

Oorlog?

Bedrog?

Die rede hoekom dit reg klink, is want dit strook perfek met die idee van die tyd.

MAAR die Bybel gee ons nog ‘n perspektief... dit skyn ‘n lig op ‘n deel van God se alwetendheid wat nooit oor gepraat word nie.

En dit is die dele in die Bybel waar ons lees van God wat verras word.

Ons kan sien byvoorbeeld:

In Jeremia lees ons van die afgod Molek, waar mense hul kinders geoffer het, dan sê God drie keer:

- Ek het dit nie beveel nie, dit het nie eens by My opkom nie.

**Jeremia 7:31, 19:5, 32:35**

“35 Hulle het hoogtes vir Baäl gebou in die Ben-Hinnomdal om hulle seuns en dogters vir Molek as offers te laat verbrand. Ek het hulle dit nie beveel nie; so 'n afskuwelike gedagte om vir Juda te laat sonde doen, het nie eens by My opgekom nie.”

Ek het nie eens daaraan gedink nie; die boosheid is verrassend…

**Genesis 6:6** – net voor die vloed. God het berou dat HY die mens gemaak het.

Hierdie is die geopenbaarde dinge… Dit sê vir my daar was ‘n plan, en daardie plan het skeefgeloop deur die keuses van mense… Dit was nie God se plan nie…

Dieselfde gebeur in:

**1 Samuel 15:11**

“Ek het berou gekry dat Ek Saul koning gemaak het, want hy het van My afvallig geword en My woorde nie uitgevoer nie…”

Kyk wat gebeur met Koning Hiskia:

**2 Kronieke 32:31**

“31 So ook in die geval van die gesante van die vorste van Babel — wat na hom gestuur het om ondersoek te doen na die wonderteken wat in die land gebeur het — het God hom net verlaat om hom op die proef te stel, om te weet alles wat in sy hart was.”

God wou sien wat sou gebeur.

Die geopenbaarde waarheid wys ons dat… as die mens verander as gevolg van die keuses wat ons maak in ons vrye wil, "verander" God se hantering van wat gebeur.

Dit wys iets vir ons van dat God nie ‘n statiese alwetendheid het nie; dit is dinamiese alwetendheid.

Maar beteken dit dan dat daar dinge is wat God nie weet nie?

Wel, hierdie verse wys my dat God weet alles wat geweet kan word.

Maar soos ons in die eerste weke van die reeks gehoor het: as God vir die mens werklike vrye wil gegee het, dan bestaan 'n keuse wat nog nie gemaak is nie – dit bestaan nog nie as 'n feit nie. Dit bestaan net as 'n moontlikheid.

God ken elke moontlikheid, elke pad, elke 'wat as'—Hy weet alles wat geweet kan word.

As deel van die vrye wil is daar ‘n keuse wat my lewe en lewens van ander kan raak. En dit is die opsie wat NET in my hande is.

Soos die jong seun wat opgewonde na sy oupa toe hardloop met ‘n skoenlapper in sy hand. “OUPA, OUPA, ek het vir oupa ‘n vraag…”

Die seuntjie se ondeunde gesiggie wys sommer: NOU gaan ek vir oupa vang.

“OUPA, is die skoenlapper lewendig of dood?”

En met ‘n sagte liefdevolle glimlag sê die oupa: “Dis in jou hande, my seun…”

Die oupa weet al die uitkomste, maar watter een is in die hande van die seun.

Dis asof hierdie dele in die Skrif vir my wys dat dit nie so swart en wit is soos ons trooswoorde of maklike antwoorde wat ons soms gee in moeilike omstandighede nie… Dis baie meer genuanseerd.

SO waar kom die idee vandaan dat alles gebeur vir 'n rede?

Met al sy permutasies?

Hierdie idee van God, hierdie prentjie van God, is al vir eeue 'n prentjie wat mense het…

Paulus skryf vir die gemeente in Romeine:

**Romeine 8:28-29**

"28 Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is. 29 Dié wat Hy lank tevore verkies het, het Hy ook bestem om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun…"

Hierdie is natuurlik een van die groot verse wat mense gebruik om God se predestinasie te bewys, soos Koos in die eerste week oor gesels het.

MAAR is dit Paulus se intensie as hy hierdie skryf?

Wel, om dit uit te pluis, moet ons kyk na die spesifieke konteks waarin hy dit geskryf het.

Hierdie brief skryf hy aan die kerk in Rome, en die kerk is vol Jode en Heidene. Hierdie is nie 'n kerk wat hy self geplant het nie, en hy het hulle nog nie self besoek nie, maar vertel hulle van sy behoefte om vir hulle te kom kuier.

Maar in hierdie brief bespreek hy prakties hoe om as Christen te leef in 'n Grieks-Romeinse wêreldbeskouing.

Net soos vandag, het hierdie begeerte om die lewe se onvoorspelbare aard te verstaan en sin daarvoor te kry, om sin te maak oor die noodlot van die mens.

Hierdie idee het die mense se stories oorgeneem, en 'n mens kan dit sien in die verhale van die Griekse / Romeinse mitologie, wat 'n oorheersende narratief en verstaan van gode was in die konteks waarin Paulus skryf.

Byvoorbeeld:

Die Keres: Hierdie Griekse godinne van die noodlot het hulle verlustig in teenspoed, vernietiging en die dood. Hulle is gesien as die bringers van plae en siektes wat vanuit die onderwêreld hulle werk doen, sonder genade of geregtigheid.

So wanneer 'n plaag kom of siekte, moet dit die Keres se werk wees.

Solank daar net 'n god is na wie ons die vinger kan wys. Want dit bring 'n stukkie kwasi-sin in die oomblik.

Maar dan is daar nog 'n verhaal…

Die Moirae wat jou strepie trek: Die Moirae bestaan uit drie godinne – Clotho, Lachesis en Atropos – en hulle het die noodlot verpersoonlik. Daar is geglo dat elke persoon se lot by geboorte bepaal is: Clotho het die lewensdraad gespin, Lachesis het die lengte afgemeet, en Atropos het dit geknip, wat die noodlottige uur van jou lewe bepaal het. Selfs ander gode het hulle gevrees; die enigste een wat teen hulle kon optree, was Zeus.

Dit was 'n oorheersende storie van die tyd.

En dis waar die idee vandag vandaan kom dat:

“Jou tyd is jou tyd.”

“Jou strepie is getrek.”

Dis nie Bybels nie, dis Griekse/Romeinse mitologie…

Alles is vooruitbeplan, alles is bepaal… Die storie is klaar geskryf.

Paulus skryf hierdie woorde in ‘n wêreld waar dit die oorheersende gode van die tyd was; dit was die mense se verstaan van hoe die wêreld werk. Die gode het geen liefde of agting vir die mens gehad nie. Nou hoor hierdie mense van God en Jesus se reddingswerk, en hulle probeer God verstaan in die konteks van hierdie gode.

En Paulus probeer hier tuisbring dat God anders is as hierdie gode… HY het nie die hele lewe klaar bepaal en ons beweeg net rond as passiewe slagoffers van dit wat vir my beplan is nie, en dat enige oomblik my lewensdraad geknip word nie.

Hy is ‘n God van liefde wat my ‘n vrye wil gegee het, en ek kan besluit wat maak ek met hierdie lewe, en my lewe en my besluite raak my eie lewe en dié van ander.

So God se alwetendheid is gekoppel aan Sy liefde.

Omdat Hy weet, kan Hy regtig liefhê.

Paulus skryf hierdie deel briljant.

Hierdie vooruitbestemming waarvan Paulus skryf, is in Grieks die woord *prothesis* – dit beteken "om vooraf te besluit" en hierdie moet verstaan word binne die konteks van God se oorkoepelende groot doel. Dit gaan nie oor die voorbeskikking van individuele gelowiges gebaseer op wie God kies nie; God het eerder vooraf besluit dat gelowiges gelykvormig moet word aan Jesus as hul "nuwe morele standaard, want net daar is waar jy lewe gaan vind," en dit is bestem vir ALLE mense. Dis God se plan, DIS SY WIL.

Met ander woorde, dis ‘n verhoudingsdoel.

En as ons met daardie bril Romeine 8 lees, dan besef jy… dis presies wat daar staan.

**Romeine 8:28-29**

“28 Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is. 29 Dié wat Hy lank tevore verkies het, het Hy ook bestem om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun,”

Paulus sê net hierin lê lewe… As jy Hom liefhet, as ‘t ware Sy hand vat dat Hy jou lewe lei, sal Hy alles ten goede laat meewerk.

Die God wat ELKE deel van ELKE mens ken tot in die fynste detail:

**Psalm 33:13-15**

“13 Die Here kyk van die hemel af; Hy sien al die mensekinders.

14 Uit sy woonplek aanskou Hy al die bewoners van die aarde,

15 Hy wat die hart van hulle almal formeer, wat let op al hul werke.”

Hebreërs 4:13

"En daar is geen skepsel onsigbaar voor Hom nie, maar alles is naak en oop voor die oë van Hom met wie ons te doen het."

AS JY MET HOM LOOP, sal jy LEWE.

Hy ken al die paaie.

In Johannes 9 sien Jesus en Sy dissipels 'n blinde man en vra: “Wie het gesondig, die man of sy ouers, omdat hy blind gebore is?”

HOEKOM IS HY BLIND? Want alles gebeur mos vir ‘n rede?

Maar toe die dissipels hierdie vra, het hulle klaar aangeneem wat die antwoord sal wees, want dis wat almal geglo het… in daardie tyd.

Was dit die sonde van die ouers, sodat ‘n blinde kind hulle straf was?

OF is dit hierdie man se sonde?

Maar die probleem is hy is blind gebore; hoe kan dit sy eie sonde wees? Maar dis nie ‘n onkundige vraag van die dissipels nie, want dit bring ‘n groot teologiese kwessie uit van hul tyd.

Dis eintlik ‘n goeie vraag, want sekere Rabbi's het ‘n lering gehad dat jy al in jou ma se baarmoeder kon sondig… amper asof God in die toekoms ingekyk het en gesien het dat die man ‘n sondige lewe gaan lei, en daarom sommer klaar hom gestraf het.

Watse God is dit?

Maar dis húlle prentjie van God, dis die algemene idee van God… Alles gebeur met ‘n rede.

Hulle vra die vraag met die antwoord in gedagte: Hierdie man word gestraf vir IETS.

Jesus nooi hulle na ‘n nuwe manier van sien.

Jesus antwoord hul vraag en sê:

**Johannes 9:3**

“Hy is blind sodat die werke wat God doen, in hom gesien sal kan word…”

SO WAG… Het God hom blind gemaak, dat hy 30 jaar ly, sodat hy op dié oomblik genees kan word?

Is dit dan wie God is? God het geweet Hy gaan op hierdie oomblik in tyd verby hierdie persoon stap, so 30 jaar terug was hy so gebore sodat hy op hierdie oomblik hier kan wees…

Ons vertaling sit die woord “sodat” in, maar in vers 3 in die oorspronklike teks is daar nie 'n "sodat" (*purpose clause*) wat noodwendig sê die blindheid was beplan nie. Baie geleerdes meen die sin moet eintlik so gelees word:

"Hy is blind gebore. Maar laat die werke van God nou in hom geopenbaar word."

Dit verander God van 'n Regisseur wat pyn skryf in 'n draaiboek, na 'n Redder wat pyn omskep in heerlikheid.

Hy ken al die paaie.

Dis asof Jesus in die oomblik vir die dissipels sê: Hier is 'n stukkende realiteit, en God gaan dit nou gebruik om iets nuuts te skep.

Dit is presies wat Paulus bedoel met 'meewerk ten goede'. God is nie die rede vir die blindheid nie, maar Hy is die Meester wat die blindheid gebruik.

Om jou te nooi: Kom ek wees die Een wat jou lewe lei…

As gevolg van Jesus se dood gaan alles ten goede meewerk vir dié wat hierdie pad kies…

Paulus beskryf in **Romeine 8:18:**

“Ek is daarvan oortuig dat die lyding wat ons nou moet verduur, nie opweeg teen die heerlikheid wat God vir ons in die toekoms sal laat aanbreek nie.”

SO daarom met hierdie tema wat grootliks verborge vir ons is, en ek dit nie regtig kan verstaan nie, KAN ek kyk na wat die Bybel vir ons vertel van God, en ek kan voor HOM staan en die woorde van die Psalmdigter eggo:

**Psalm 139:1-5**

"O HERE, U deurgrond en ken my. Ú ken my sit en my opstaan; U verstaan van ver my gedagte. U deurvors my gaan en my lê, en U is met al my weë goed bekend. Want daar is nog geen woord op my tong nie — kyk, HERE, U weet dit alles. U sluit my in van agter en van voor, en U lê u hand op my."

Here, deurgrond my; ek hoef nie ‘n front op te hou nie – Hy ken my hart. Here, lei my lewe, want U weet hoe lyk die pad wat lei na LEWE.

**Romeine 8:31-39**

“31 Wat is nou ons gevolgtrekking oor al hierdie dinge? Dít: God is vír ons, wie kan dan teen ons wees? 32 Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie?

35 Wie kan ons van die liefde van Christus skei? Lyding of benoudheid of vervolging, honger of naaktheid, gevaar of swaard?...

37 Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet. 38 Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte 39 of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.”

In al hierdie dinge — van ‘n blinde man, die skêr van die Moirae wat jou strepie trek, die inligting van ‘n Google search en die hok van die vyf apies — ontdek ons dat God se alwetendheid nie ’n tronk is nie, maar ’n tuiskoms. Dit is nie informasie nie; dit is ‘n uitnodiging.

Van die Een wat selfs die hare op ons kop getel het. Sy alwetendheid is nie ’n koue databasis nie; dit is ‘n Vader se onverdeelde aandag.